Publication: Burger (Suid Kaap), Gesond

Date: Friday, June 23, 2023

Page: 4



Oogkunde



Die Colour Me Beautiful-stelsel, soos gebruik deur die Eyewear Styling Academy, word gebruik om te bepaal watter kleure by jou gelaatskleur sal pas.

## Raamstilering:

# Kies jou volgende brilraam vinnig, maklik

**Denique Smith**

Om 'n brilraam te kies ná jou oogtoets, kan soms intimiderend wees. Want hoe weet jy watter brilraam gaan by jou pas?

Jou bril is 'n belangrike bykomstigheid en dit is die eerste ding wat mense raaksien wanneer hulle jou ontmoet.

Jy hoef nou glad nie meer te sukkel nie, want Spectacle World, ook bekend as Camarena Porter Optometrist, is die eerste maatskappy in Suid-Afrika wat 'n sertifikaat verwerf het in The Art of Eyewear Styling-kursus saam met Eva Davé, aangebied deur die Eyewear Styling Academy.

Dié maatskappy is nou goed toegerus om jou raamkeuse makliker te maak.

Adele Camarena, eienaar en direkteur by Spectacle World, sê vir haar was dit nog altyd van kardinale belang dat hulle uitstekende kliniese sorg, kliëntediens, en optiese lens- en raamstilering bied.

"Swak sig is 'n gestremdheid wat 'n enorme uitwerking op jou sukses en sekuriteit kan hê. Brille stel jou in staat om goed te sien en terselfdertyd wonderlik te lyk. Dit is wonderlik as die raam die kliënt selfversekerd en aantreklik laat voel."

Camarena sê verder dat die hele span die kursus tydens inperking voltooi het.

"Ons het dit so lekker saam gedoen. Ons het nou 'n gevestigde stileringskonsultasieproses en voel vol vertroue om brille voor te stel en te kies wat ons kliënte se kenmerke, kleur en unieke styl komplementeer."

Die span het geleer om die ses verskillende stylpersoonlikhede en bypassende style van 'n bril vir elkeen te identifiseer, die kliënt se dominante kleurtipe, gesig en kenmerke te ontleed, oor die sielkunde van kleur en hoe om effektief brilstyle en -ontwerpe in voorraad te hou om by elke kliënt se behoeftes te pas, verduidelik Camarena.

"Die meeste van ons kliënte is desperaat vir 'n nuwe voorkoms en wil spesiaal en energiek voel, maar is bang vir verandering. As stiliste lei ons hulle veilig na die mees geskikte keuse.

"Kleur speel 'n enorme rol wanneer rame gekies word, aangesien dit voorkoms verbeter, insluitend oog-, haar- en velkleur. Alhoewel baie van ons neutrale rame soos swart of bruin verkies, is dit nie altyd die vleiendste nie. Rame moet jou persoonlikheid en styl weerspieël, van natuurlik tot dramaties, klassiek tot vet. Boonop kan dit jou jonger laat lyk," voeg Camarena by.

Brilstiliste moet aan die voorpunt van huidige en toekomstige neigings wees.

"Die Covid-19-pandemie het die manier waarop ons leef en voel verander. Nou, meer as ooit, moet ons bewus wees van die keuses wat ons kliënte maak, soos om grys hare te dra in plaas daarvan om dit te kleur, hoe kleur ons bui beïnvloed, die kleure van die seisoen, nuwe rame en vorms wat beskikbaar word, en meer," sê sy.

"Ons bied pasgemaakte briloplossings aan almal, van die ekonomies uitgedaagdes tot die welgesteldes. As 'n brilstilis-oogkundige bemagtig ons ons kliënte om altyd goed te sien, fantasties te lyk en goed te voel! Dit is een van ons grootste vreugdes," voeg sy by.

Die nuutste Zeiss- digitale lense met DuraVision® BlueProtect-bedekking word vir die brillense gebruik. Dit is die nuutste optiese lenstegnologie om duidelike, gemaklike visie op alle digitale skerms te verbeter.

Volgens inligting op die Zeiss-webwerf bied hierdie lense 'n deklaag wat spesifiek ontwerp is vir diegene wat baie van hul tyd binnenshuis deurbring en aan blouviolet lig van LED's sowel as TV-, rekenaar- en tabletskerms blootgestel word. Die Zeiss se blouligbedekkings vir brillense blokkeer spesifieke golflengtes van lig en kan help om die oogstremming wat deur die klante waargeneem word, wat tipies met blouligblootstelling geassosieer word, te verlig.

### Sô kies jy die perfekte raam met 'n raamstileringkonsultasie

Spectacle World bied 'n raamstileringskonsultasie van 45 minute in hul eksklusiewe raamstileringskamer. Die pasgemaakte, splinternuwe konsultasiediens word aan bestaande en nuwe kliënte gebied. Kliënte van alle ouderdomme, geslag en stylvoorkeur sal nou hul perfekte bril by die praktyk kry. Tydens die stileringskonsultasie word daar gekyk na jou stylpersoonlikheid, jou kleurtipe asook die eienskappe van jou gesig.

So, waarom 'n raamstileringskonsultasie?

Jou stylpersoonlikheid dikteer die keuses wat jy in die lewe maak, van die motor wat jy ry tot jou beroep en gunsteling-vakansiebestemming, verduidelik Camarena.

"Ons doel is om jou te lei in die keuse van die perfekte raam wat by jou stylpersoonlikheid pas, hetsy by die werk of op die sportveld."

### Jou stylpersoonlikheid

Jou persoonlike styluitdrukking word oorgedra deur die klere, bykomstighede en bril wat jy kies om te dra, en die manier waarop jy dit dra.

Camarena sê daar is variasies aan al die stylpersoonlikheidstipes en -klassifikasies.

"Dit hang af van die persoon se ligging, kultuur en aanpassing by elke deel van hul lewenstyl. Byvoorbeeld 'n sakevrou waar haar dominante tipe natuurlik is en klassiek haar sekondêre tipe, kan vind dat sy meer na die klassieke voorkoms leun, aangesien dit haar meer selfversekerd laat voel en sy meer ernstig opgeneem word by die werk.

"Die doel om jou stylpersoonlikheid te ontdek, is om jou te help om die perfekte bril te vind sodat jy die beste weergawe van jouself kan wees. Jou stylpersoonlikheid openbaar wie jy is op 'n manier wat heeltemal uniek aan jou is. Dit is 'n bykomstigheid, 'n hooffokuspunt en wys wie jy is."

### Kleur

Om jou kleurtipe te assesseer, word die internasionaal bekende Colour Me Beautiful-stelsel (soos gebruik deur die Eyewear Styling Academy) gebruik, sê Camarena.

"Die stilis sal kyk na die ondertoon van jou vel (jou gelaatskleur), sowel as die kleur van jou oë en hare. Kleure wat vir jou aanbeveel word, is 'n gids sodat jy 'n raam kan kies wat jou algehele voorkoms sal verbeter, jou lewendig sal laat lyk en meer selfversekerd sal laat voel."

### Gesigskenmerk-analise

Gesigskenmerk-analise help om te bepaal watter raamgrootte en -vorm jou die beste sal pas.

"Ons neem jou gesiglengte in ag om die diepte van die raam te bepaal. Ons kyk dan na jou wangbene en kakebeenlyn om die breedte van die raam te bepaal. Die vorm van jou wenkbroulyn word in ag geneem om 'n geskikte raamvorm te bepaal.

"Geen twee individue is dieselfde nie. Dit is hoekom ons graag 45 minute saam met jou deurbring. Ons wil die advies spesifiek vir jou aanpas," aldus Camarena.

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.